SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

(SI05) "SPORTING RIFLE" DISSIPLINE (NRA UK EVENT 5785)

SPORTSKIETOEFENINGE DIEN AS VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN KWALIFISEER NIE VIR DIE GROOT 5 TOEKENNING NIE

1) Inleiding

Die 5785 is die oorspronklike skietoefening van die NRA UK wat die gebruik van jaggewere by tradisionele Bisley teikens toelaat.

2) Teiken

100m:- Wessex (5785/100)
200/300M:- ILRPSA (5785/200)

3) Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele

Suid- Afrika: Gebruik die "Skietbaan veiligheidsreëls vir deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan", dokument J006.35.01A vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

Internasionaal: Gebruik internasionale skietbaan veiligheidsreëls en skietbaanbevele.

4) Visiere of teleskope

Enige visier-stelsel, oop visier en teleskoop is toelaatbaar.



5) Wapens

Enige senterslag-geweer geskik vir die jag van wild of probleemdiere in enige kaliber wat binne die veiligheidsbepalings van klein-geweerskietbane val, word toegelaat.

6) Oefening:

SI05-A 100m; SI05-B 200m; SI05-C 300m

30 tel-skote en 6 verpligte proef-skote

Oefening 100m: Skiet twee proefskote vanuit die staanposisie met behulp van tweepoot-skietstokke. Na afloop van proefskote, word 10 tel-skote in twee oefeninge van vyf skote elk geskiet met 'n 30 sekonde tydbeperking per oefening.
100m:- Wessex (5785/100)

Oefening 200m: Skiet twee proefskote vanuit die staan-posisie. Daarna word 10 tel-skote binne 12 minute toegelaat. **Teiken 200/300m:- ILRPSA (5785/200)**

Oefening 300m: vanaf 300m word daar vanuit die lê-posisie geskiet . 'n Harris Bipod of kort skietstokke mag gebruik word om die geweer aan die voorkant te ondersteun. Wanneer 'n Harris Bipod of skietstok gebruik word om die geweer voor te ondersteun mag slegs die hand agter onder die kolf geplaas word vir addisionele ondersteuning. Andersins mag die skut ook 'n geweerband gebruik maak, in welke gevalle daar dan geen ondersteuning aan die voorkant van die geweer mag wees nie (slegs die band mag gebruik word). Vanuit hierdie posisie word twee proefskote geskiet, gevolg deur 10 tel-skote binne 12 minute.
200/300m:- ILRPSA (5785/200)

Die 5785 puntetelling word as volg saamgestel

100m	10 x	5	=	50
200m	10 x	7	=	70
300m	10 x	7	=	70
TOTAAL:				190

7) Telling administrasie

Internasionale Sportskiet-skietoefeninge kom nie in aanmerking vir balkies nie.

8) <u>Teiken</u>

100m:- Wessex (5785/100)



Wessex target sizes 100yards
Paper size 14" x 27"
3 scoring box 12"x 25"
4 scoring box 7"x 16"
5 scoring box 3"x 7.5"

200/300M:- ILRPSA (5785/200)